



Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Junie 2009

Jaargang 102 Nommer 3

In hierdie uitgawe

- BI 1 Angus Buchan as verskynsel van ons tyd (Dr Wim Dreyer)
1 Korintiërs 13 vir pa's
- BI 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque:** Mannebediening –
geleentheid of verleentheid vir die Kerk?
Hoe 'n pa in die oë van sy kinders vorder
- BI 3 **Geloof in perspektief**
Angus Buchan – “boereprofeet” (Prof Andries van Aarde)
- BI 4 **Op die kerkwerf**
Mannebediening in die Kerk
'n Lidmaat se mening or mannebediening (Joseph Oosthuizen)
'n Man en sy beroep (Ds David Barnard)
Die rol van die pa (Ds Martin Slabbert)
- BI 5 **Op die kerkwerf**
Toerusting
Die nuwe Diensboek gee riglyne en leiding (Dr Elsabé Kloppers)
Die nuwe Lidmaatboek (Ds Piet van der Merwe)
Die Here hou ons in sy hand (oor die nuwe graad
3-kategeseboeke)
- BI 6 **Wat kerknuus aanbetref**
Medalje toegeken (aan prof Bart Oberholzer)
Hervormer presteer (oor ds Tony Simpson)
Eredoktorsgraad toegeken (aan prof Jimmie Loader)
60 jaar in die bediening (oor ds CJS van Niekerk)
Beroepe aanvaar
Gespreksforum
Beoordeel uitsprake binne konteks (Lesersbrief van oudl
Richard Steinmann)
- BI 7 **Gespreksforum**
God is die begin en einde van alles (Ds Herman van den Berg)
- Agterblad **Oordenking**
Die Heilige Gees maak van ons boodskappers (Ds Willem Kok)



Mannebediening in die Kerk

Die *Mighty Men Conference* onder leiding van Angus Buchan is in April vanjaar deur sowat 250 000 mans bygewoon. Waarom kan geordende predikante van die kerk nie soveel mense bymekaar kry om voor te preek nie? Waarom is lidmate van die kerk bereid om te luister na die prediking van iemand met bykans geen teologiese opleiding? Wat sê dit van mans se behoefte aan geloofservaring? Het predikante die vermoë om binne 'n nuwe konteks sinvol en aktueel aandag te gee aan mense se behoefte aan 'n verdiepte spiritualiteit?

Hierdie en ander ongemaklike vrae rondom mannebediening in die Kerk word behandel. Insiggewende artikels deur **dr Wim Dreyer**, **prof Andries van Aarde** en 'n lidmaat van **Gemeente Horison Roodepoort** gee verskillende perspektiewe, en die redakteur, **dr Gerhard Lindeque**, kom tot die slotsom dat al hoe meer mans openlik begin praat oor hulle geloof en hulle ervarings. Dit is veral verblydend om te hoor dat mans wat in die bosoerlog was, nou weer die vrymoedigheid begin kry om daaroor te praat. *Die Hervormer* sou graag wou help in hierdie helingsproses, en verneem daarom graag van wat in gemeentes gebeur ten opsigte van die geestelike toerusting van mans. So kan ons by mekaar leer en mekaar aanspoor.

Die herdenking van Charles Darwin se geboorte 200 jaar gelede en die eerste uitgawe van sy *On the origin of species* 150 jaar gelede het weer lewendige belangstelling in sy nalatenskap laat ontstaan. **Ds Herman van den Berg** bespreek die verskillende begrippe en ideologieë, en bevestig opnuut: God sal vir ons as gelowiges altyd die Skepper bly! Die begin en die einde van alles. Daar is dus evolusie van die skepping, maar ook skepping van evolusie!